AfriForum

# AFRIFORUM-TAKPROJEKVERSLAG

OOR DIE MUNISIPALE VULLISTERREINOUDIT VIR

2018



Deur

**Projekbestuurder: Chris Boshoff**

**Nagesien: Marcus Pawson**

Hierdie dokument is deel van AfriForum se vullisterreinouditprojek, ’n projek van AfriForum se #skoonSA-inisiatief, geloods deur

**Gemeenskapsake**
**Omgewingsake**

Augustus 2018

## ’N WOORD VAN DANK

Baie dankie aan AfriForum se personeel en al die AfriForum-takke regoor Suid-Afrika wat hierdie projek moontlik gemaak het.
Dankie aan elke individuele lid van AfriForum vir jul deelname aan hierdie nasionale projek en dat julle die visie van volhoubare ontwikkeling en verantwoordelike afvalbestuur in Suid-Afrika met ons deel.
Dankie ook aan elke munisipaliteit wat leiding in Suid-Afrika neem, hulle werk onberispelik doen deur te verseker dat afval op verantwoordelik wyse bestuur word en dus aan toepaslike wetgewing en lisensies vir die bestuur van afval voldoen.
Hierdie munisipaliteite moet daarvoor beloon word dat hulle hul gemeenskappe en die omgewing teen besoedeling en gevaar beskerm.
Dankie aan die departement van omgewingsake se afvalbestuursafdeling en die Gautengse departement van landbou en landelike ontwikkeling wat die projek ondersteun, hulp verleen met die samestelling van die nuwe vullisterreinouditlys en hul provinsiale taakspan beskikbaar stel om aan takoudits deel te neem.

# INHOUD


| INHOUD | BLADSY |
|---|---|
| Inleiding | 5 |
| Die feite | 6 |
| Vullisterreine | 7 |
| Klassifikasie van afval | 7 |
| Die probleem | 8 |
| Probleme met vullisterreine | 8 |
| Die projek | 9 |
| Resultate | 10 |
| Tabel 1: Statistiek oor die nakoming/nienakoming van minimum vereistes deur vullisterreine, per provinsie | 10 |
| Grafiek 1: Aantal vullisterreine per provinsie wat nie aan minimum vereistes voldoen nie | 10 |
| Grafiek 2: Die nasionale gemiddeld van vullisterreine in vergelyking met die provinsiale gemiddeld in vullisterreine wat nie aan die minimum vereistes voldoen nie | 11 |
| Grafiek 3: Getal vullisterreine landswyd wat aan minimum vereistes voldoen | 11 |
| Grafiek 4: Vergelyking van die aantal vullisterreine se nakoming en nienakoming in 2014, 2015, 2016, 2017 en 2018 | 11 |
| Tabel 2: AfriForum-oudittellings vir 2014, 2015, 2016, 2017 en 2018 | 12 |
| Grafiek 5: Gemiddelde oudittellings (persentasies) per provinsie vir 2014, 2015, 2016, 2017 en 2018 | 18 |
| Grafiek 6: Gemiddelde nakoming (persentasies) vir 2014, 2015, 2016, 2017 en 2018 | 19 |
| Vraelys | 20 |
| Wat is tot dusver bereik? | 26 |
| Nasionale vullisterreinouditprojek | 26 |
| Skakeling met nasionale, provinsiale en plaaslike regerings | 26 |
| Hofsake | 26 |
| Aksieplan | 27 |
| Samevatting | 28 |

# INLEIDING

Die burgerregte-organisasie AfriForum het die #skoonSA-inisiatief in Mei 2014 geloods. Dié projek streef na positiewe verandering in die bestuur van afval oor die hele Suid-Afrika heen, om betrokke amptenare verantwoordbaar te hou en samewerking te kweek tussen gemeenskappe en die drie regeringsfere, naamlik nasionaal (die departement van omgewingsake), provinsiaal (die onderskeie provinsiale departemente) en plaaslik (plaaslike munisipaliteite). Laasgenoemde is uit 'n vullisbestuursoogpunt die belangrikste en die naaste regeringsvlak aan gemeenskappe. Laastens wil ons gemeenskappe ook toerus met oplossinggedrewe benaderings. Ons stel ook die nuutste tegnologieë en prosesse bekend om die groeiende vulliskwessie te hanteer en vullis met laer besoedelingsvlakke en herwinning te verwerk.

Uit hierdie inisiatief het die AfriForum-vullisterreinouditprojek ontstaan (#MoenieMetOnsRommelMorsNie). Hierdie projek het ten doel om die minimum nakomingsvereistes te oudit van vullisterreine in die munisipaliteite waarin AfriForum se 134 takke regoor die land werksaam is, en dit met elkeen se afvalbestuurslisensies te vergelyk. Onvoldoende afvalbestuur, die ineenstorting van infrastruktuur, korrupsie, gesondheids- en veiligheidskwessies, 'n tekort aan lugspasie vir vullis, asook aardverwarming en besoedeling het AfriForum genoodsaak om met hierdie projek te begin om Suid-Afrikaners se grondwetlike regte en ons natuurlike omgewing te beskerm. AfriForum is van mening dat baie min munisipaliteite die afvalregulasies nakom en dat daar by plaaslike owerhede 'n gebrek aan aanspreeklikheid vir behoorlike afvalbestuur, monitering en lisensiëring is. In 2016 het AfriForum Edna Molewa, minister van omgewingsake, oor die groeiende omgewingsprobleem van vullisterreine regoor Suid-Afrika genader. Die minister het onderneem om dié kwessies saam met AfriForum te pak.

Die onderskeie munisipaliteite se afvalbestuurspraktyke is geëvalueer om te bepaal of elkeen verantwoordelike bestuur word en om te verseker dat beste praktyke en omgewings-, gesondheids- en veiligheidsvereistes nagekom word. Elke munisipaliteit se ouditresultate is ontleed en tot 'n punt uit 100 verwerk om nakomingsprestasie te meet. Dié resultate word in hierdie ondersoekverslag uiteengesit. Munisipaliteite wat verantwoordelike afvalbestuur toepas, word met sertifikate beloon.



**Diere wei op die Parys-vullisterrein in die Vrystaat**

# DIE FEITE

Volgens die Suid-Afrikaanse Grondwet is afvalbestuur 'n diens wat deur plaaslike regerings gelewer moet word.

Volgens 2012 se departementele verslag oor die toestand van die omgewing word daar bereken dat daar jaarliks 42 miljoen m³ gewone (huishoudelike) afval en 5 miljoen m³ gevaarlike afval gegenereer word. Nienakoming by vullisterreine besoedel die lug, omgewing en waterbronne. Dit durf nie geduld word nie, want dit raak die gemeenskap se gesondheid en veiligheid direk.

Die bestuur van huishoudelike afval in Suid-Afrika staar tans vele uitdagings in die gesig, waaronder wetstoepassing, bestuur (onder meer finansiële en personeelbestuur, asook die bestuur van toerusting) en institusionele gedrag (bestuur en beplanning).

Die Suid-Afrikaanse afvalbestuurstrategie is gegrond op 'n reeks wette wat daarop gemik is om omgewingsbesoedeling te bestuur en voorkom. Die belangrikste hiervan is die Wet op Gevaarhoudende Stowwe, 1973 (wet no. 15 van 1973), wat die behandeling en vernietiging van gevaarlike stowwe reguleer. Ander toepaslike wette sluit in die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (wet no. 73 van 1989) en die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (wet no. 107 van 1998). Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afval, 2008 (wet no. 59 van 2008) is spesifiek daarop gemik om afvalbestuur in Suid-Afrika te reguleer.

Verder vereis die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (wet no. 32 van 2000) dat afvalbestuursdienste op 'n finansieel en omgewingsverantwoordelike wyse aan alle plaaslike gemeenskappe verskaf word om toeganklikheid van basiese dienste en volhoubare afvalbestuur te bevorder.

Daar kan min fout gevind word met die Suid-Afrikaanse wetgewing om afval na behore te bestuur. Dit lyk egter nie of die toepaslike wetgewing afgedwing word nie.




**'n Suksesvolle vullisterrein in Tzaneen met 'n werkende weegbrug, heining en volledige infrastruktuur**

Die regering word deur die Grondwet verplig om die regte in artikel 24 van die Grondwet te handhaaf deur middel van staatsorgane wat vir die implementering van afvalwetgewing verantwoordelik is. Die regering moet eenvormige maatreëls instel wat daarop gemik is om die hoeveelheid afval te verminder wat gegenereer word en te verseker dat afval waar moontlik hergebruik, hergesirkuleer en op 'n omgewingsvriendelike wyse herwin word, of dat dit veilig behandel en vernietig word.

# VULLISTERREINE

'n Vullisterrein is 'n plek waar afval herwin, gestort, gelyk gemaak, met sand bedek en gelaat word om te vergaan. Vullisterreine word ook "afvalhope", "vullishope" of "vullingsterreine" genoem. Hierdie terreine behoort op plekke te wees waar afval bestuur kan word sonder om mense se gesondheid te benadeel of die omliggende omgewing te beskadig.

LET WEL: Dit is teen die wet om afval te stort op plekke wat nie deur die departement van omgewingsake as vullisterreine gelisensieer is nie.

Kragtens artikel 9(1) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afval, 2008 (wet no. 59 van 2008) moet 'n munisipaliteit sy uitvoerende gesag aanwend om afvalbestuursdienste te lewer – waaronder afvalverwydering en die berging en vernietiging van afval – op 'n wyse wat nie met nasionale en/of provinsiale wetgewing in stryd is nie.

**Klassifikasie van afval**

Afval word in twee kategorieë verdeel, naamlik algemene en gevaarlike afval.

1. Algemene afval (ook huishoudelike afval genoem) is afval uit stedelike gebiede, hoofsaaklik van huise, kantore en bouterreine. Dit sluit in bouersafval, tuinafval, afval uit mense se huise en afval uit dorpe en stede. Die insameling, vervoer en bestuur van afval in stedelike gebiede is die plaaslike owerheid se verantwoordelikheid. Die plaaslike raad moet 'n deel van die geld wat hulle van inwoners binne hul munisipale jurisdiksie verhaal, aanwend om hierdie diens te lewer. Met ander woorde, as jy jou maandelikse munisipale rekening betaal, betaal jy om jou afval te laat verwyder. Algemene afval word by algemene vullisterreine gestort wat met die simbool G op amptelike dokumente aangedui word.
2. Gevaarlike afval is afval wat die omgewing kan besoedel en mense se gesondheid kan benadeel. Hierdie afval kom van fabrieke, myne en hospitale, en sluit in giftige stowwe (toksiese afval), kiemdraende afval en afval wat kan ontplof of maklik aan die brand kan raak. Gevaarlike afval word geklassifiseer van 1 (baie gevaarlik) tot 10 (effens gevaarlik). Dit mag slegs by terreine gestort word wat geskik is om dit te hanteer. Dié terreine word met die simbool H:h of H:H op amptelike dokumente aangedui.



**'n Groot aantal herwinners (Engels: *reclaimers*) is by vullisterreine regoor Suid-Afrika sigbaar**

LET WEL: Hierdie AfriForum-ouditverslag fokus slegs op munisipale of privaat vullisterreine vir algemene afval. Daar het egter ook karkasse, rioolvuil, mediese afval en ander soorte gevaarlike afval op algemene vullisterreine voorgekom. Dié dokument verwys na dié gevalle.

# DIE PROBLEEM

Afval uit enige stedelike gemeenskap sal nie slegs 'n estetiese probleem skep nie, maar kan ook ernstige gesondheidsrisiko's inhou indien dit nie beheer word nie. Dié risiko's word vererger indien die afval gevaarlike stowwe bevat.

Plaaslike owerhede kan en behoort strafregtelik aanspreeklik gehou te word vir aksies of nalatigheid wat mense se gesondheid beïnvloed of besoedeling veroorsaak. Plaaslike owerhede kan ook siviel aanspreeklik gehou word vir verwante finansiële koste, veral waar dit verband hou met die sluiting of rehabilitasie van vullisterreine en die rehabilitasie van besoedelde grond wat vir stedelike ontwikkeling bedoel is.

Die afval wat ons in stede genereer, kan nadelige gevolge vir mense se gesondheid en die omgewing hê indien:

- » afval nie na behoorlik bestuurde vullisterreine geneem word nie, maar onwettig op oop areas gestort word;
- » dié vullisterreine geleë is naby aan waar mense woon;
- » dié vullisterreine swak ontwerp en ontwikkel is (byvoorbeeld waar uitgeloogde of giftige water in die grondwaterreservoirs en riviere beland); of
- » dié vullisterreine swak bestuur word (byvoorbeeld as dit nie omhein is nie, geen toegangsbeheer plaasvind nie, dierekarkasse daar rondlê, daar vure op die terrein is of as die afval nie daagliks behoorlik met sand bedek en gekompakteer word nie).

**Probleme met vullisterreine**

Daar is 'n aantal risiko's en gevare vir mense wat naby vullisterreine woon of werk. Dit sluit die volgende in:

- » Vullisterreine kan baie onveilig, lawaaierig, onwelriekend en visueel onaantreklik wees.
- » Voertuie wat afval op- of aflaai, kan veiligheidsrisiko's inhou.
- » Selfontbranding en vure op die terreine kan die lug besoedel.
- » Ontploffings kan deur gasse by vullisterreine veroorsaak word.
- » Besoedeling op die terrein kan die omliggende natuurlike waterbronne en grond besoedel.
- » Mense kan siek word indien hulle die besoedelde lug inasem, giftige water drink of kos eet wat deur die grond vergiftig is.
- » Mense kan kanker, asma en ander long- en borskwale ontwikkel.
- » Geboortedefekte kan voorkom, en kinders wat naby vullisterreine grootword, kan swak en sieklik wees.
- » Vullisterreine lok kiem- en siektedraende peste soos rotte, muise en vlieë, wat dié siektes kan oordra aan mense wat in direkte aanraking met die terrein kom.



**'n Ontbindende karkas tussen die vullisdra by tot verdere gesondheidsrisiko's.**

# DIE PROJEK

Verskeie gemeenskappe het aan die projek deelgeneem deur hulle plaaslike vullisterreine te inspekteer en 33 vrae (25 punte) daaroor te beantwoord. Dit het tot die oudit van die voldoening aan die minimum vereistes vir vullisterreine bygedra. Hulle is vergesel deur AfriForum se provinsiale koördineerders en ander belanghebbendes soos munisipale amptenare, die media en diensverskaffers.

Die departement van omgewingsake se adjunk-direkteur-generaal van afvalbestuur, mnr. Mark Gordon, het die kontakbesonderhede van die departement se provinsiale afvalbestuursbeamptes aan AfriForum verskaf sodat AfriForum dié beamptes na die vullisterreinoudits kon uitnooi. Hulle is beskikbaar om AfriForum na afloop van die projek by te staan.

Die Gautengse departement van landbou en landelike ontwikkeling (GDARD), asook privaat afvalbestuursbeamptes het saam met AfriForum 'n vullisterreinoudit gedoen en insette met die opstel van 'n nuwe ouditvraelys gelewer.

Daar word van bykans elke vullisterrein wat gelisensieer is vereis om jaarliks deur onafhanklike partye of organisasies geoudit word. AfriForum is daarom goed geposisioneer om as gemeenskapswaghond 'n betroubare oudit op die verskeie plaaslike vullisterreine te doen.

Deelnemers is aangemoedig om foto's as bewyse te neem om die studie se geloofwaardigheid te verhoog.

'n Finale punt word bereken deur een punt toe te ken vir elke kategorie wat aan die minimum vereistes voldoen. Die eindresultaat is met vier vermenigvuldig om 'n nakomingspunt uit 100 te behaal.

Voorbeeld: 15 van die 33 vrae (somtotaal van 25 punte) voldoen aan die vereistes. Sekere punte dra meer gewig as ander weens die belangrikheid van die standaard.

Dus:

15 x 4 = 60%

LET WEL: Elke munisipaliteit wat meer as 80% behaal, sal 'n sertifikaat van waardering van AfriForum ontvang. Terreine wat uitnemende bestuur word, kan 100% behaal. Daardie terreine ontvang spesiale erkenning en 'n wisseltrofee waarop die betrokke munisipaliteit se naam aangebring word.

Verwys asseblief na die aksieplan wat verband hou met munisipaliteite wat 'n telling van minder as 80% ontvang het.

In 2016 het privaat vullisterreinmaatskappye AfriForum genader om die privaat sektor se standaarde ten toon te stel. Sedert 2016 het AfriForum dus die privaat sektor se vullisterreine ook geoudit om dit met dié van die staat te vergelyk.



**AfriForum oudit vullisterreine in samewerking met die Ekurhuleni Metro. Hier word die Simmer & Jack-vullisterrein in Germiston geoudit.**

# RESULTATE

In 2014 het AfriForum 83 vullisterreine regoor Suid-Afrika geoudit. In 2015 is 56 geoudit, en 83 in 2016, waarvan drie vullisterreine in die privaat sektor was. In 2017 het AfriForum 105 terreine geoudit, waarvan drie in die privaat sektor was. In 2018 is 114 terreine geoudit, waarvan vyf privaat vullisterreine was.

Die resultate van vullisterreine wat in 2014, 2015, 2016 en 2017 geoudit is, word ook in hierdie verslag vervat sodat dit met die 2018-resultate vergelyk kan word.


Slegs 33 (dus 29%) van die 114 vullisterreine wat geoudit is, het aan 80% of meer van die minimum vereistes vir vullisterreine voldoen. Dit beteken dat 81 (of 71%) munisipaliteite nie aan die minimum vereistes voldoen het nie. Dit dui duidelik op die onvermoë van persone wat vir afvalbestuur verantwoordelik is. Die aantal suksesvolle vullisterreine is egter 'n verbetering op 2017, toe slegs 22% van vullisterreine aan 80% of meer van die minimum vereistes voldoen het.

In die tabel hieronder word die aantal vullisterreine aangedui wat in elke provinsie geoudit is, asook die aantal vullisterreine wat die minimum vereistes vir vullisterreine nakom of nie nakom nie.


**Tabel 1: Statistiek oor die nakoming/nienakoming van minimum vereistes deur vullisterreine, per provinsie**

| | Aantal vullisterreine wat geoudit is | | | | | Aantal vullisterreine wat aan meer as 80% van die minimum vereistes voldoen | | | | | Aantal vullisterreine wat nie aan die minimum vereistes voldoen nie | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2014 | 2015 | 2016 | 2017 | 2018 | 2014 | 2015 | 2016 | 2017 | 2018 | 2014 | 2015 | 2016 | 2017 | 2018 |
| **Wes-Kaap** | 8 | 5 | 9 | 10 | 8 | 3 | 2 | 2 | 3 | 4 | 5 | 3 | 7 | 7 | 4 |
| **Noord-Kaap** | 7 | 5 | 9 | 10 | 8 | 3 | 0 | 1 | 1 | 0 | 4 | 5 | 8 | 9 | 8 |
| **Oos-Kaap** | - | 7 | 5 | 3 | 7 | - | 1 | 1 | 0 | 1 | - | 6 | 4 | 3 | 6 |
| **Vrystaat** | 11 | 10 | 13 | 14 | 14 | 1 | 0 | 2 | 1 | 0 | 10 | 10 | 11 | 13 | 14 |
| **Mpumalanga** | 11 | 8 | 11 | 17 | 24 | 0 | 1 | 0 | 0 | 5 | 11 | 7 | 11 | 17 | 19 |
| **Gauteng** | 12 | 4 | 10 | 22 | 20 | 3 | 0 | 2 | 13 | 15 | 9 | 4 | 8 | 9 | 5 |
| **Limpopo** | 10 | 7 | 8 | 9 | 13 | 3 | 1 | 3 | 3 | 4 | 7 | 6 | 5 | 6 | 9 |
| **KwaZulu-Natal** | 13 | 3 | 6 | 7 | 6 | 5 | 0 | 1 | 1 | 1 | 8 | 3 | 5 | 6 | 5 |
| **Noordwes** | 11 | 7 | 12 | 13 | 14 | 3 | 1 | 3 | 1 | 3 | 8 | 6 | 9 | 12 | 11 |
| **Nasionale totaal** | 83 | 56 | 83 | 105 | 114 | 21 | 6 | 15 | 23 | 33 | 57 | 50 | 68 | 82 | 81 |

Die 2018-inligting in die tabel hierbo kan ook in die kolomgrafiek in figuur 1 gesien word.





**Grafiek 1: Aantal vullisterreine per provinsie wat nie aan minimum vereistes voldoen nie**





**Grafiek 2: Die nasionale gemiddeld van vullisterreine in vergelyking met die provinsiale gemiddeld in vullisterreine wat nie aan die minimum vereistes voldoen nie**

In grafiek 3 hier onder aangedui hoeveel vullisterreine in die land aangetoon die minimum vereistes vir vullisterreine nakom en nie nakom nie.




**Grafiek 3: Getal vullisterreine landswyd wat aan minimum vereistes voldoen**

In grafiek 4 word 2014, 2015, 2016, 2017 en 2018 se ouditresultate vergelyk. Die grafiek dui nie aan of die toestand van vullisterreine verbeter of verswak het nie.




**Grafiek 4: Vergelyking van die aantal vullisterreine se nakoming en nienakoming in 2014, 2015, 2016, 2017 en 2018**

Tabel 2 hier onder toon die persentasies wat in 2014, 2015, 2016, 2017 en 2018 aan vullisterreine toegeken is vir nakoming van die vullisterreinouditvraelys van elke individuele munisipaliteit. Onwettige vullisterreine word in geel aangedui. Vullisterreine in die privaat sektor word in blou aangedui.

**Tabel 2: AfriForum-ouditellings vir 2014, 2015, 2016, 2017 en 2018**

| Naam van tak/ vullisterrein | Munisipaliteit/ verantwoordelike instelling | Lisensienommer | Nakomingstelling | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2014 | 2015 | 2016 | 2017 | 2018 |
| Oos-Kaap | | | | | | | |
| Aliwal-Noord | Maletswai PM | - | - | - | - | - | 30% |
| Barkly-Oos | Senqu PM | 16/2/7/U601/B3/P470 | - | 88% | 92% | - | - |
| Burgersdorp | Walter Sisulu PM | - | - | - | - | - | 2% |
| Cradock | nxuba Yethemba PM | B33/2/1000/33/P122 | - | 24% | 36% | - | - |
| Elliot | Sakhisizwe PM | - | - | 16% | - | - | 0% |
| Hofmeyr | Enoch Mgijima PM | - | - | - | - | 0% | - |
| Krakeelrivier | Kou-Kamma PM | - | - | 36% | 40% | - | - |
| Louterwater | Kou-Kamma PM | - | - | 8% | 32% | - | - |
| Molteno | Enoch Mgijima PM | - | - | - | - | 0% | 0% |
| Oos-Londen | Buffalo City Metro | 16/2/7/R301/D1/29/P381 | - | - | - | - | 6% |
| Port Elizabeth | Nelson Mandela Baai Metro | 16/2/7/M200/D1/21/P278 | - | 76% | - | - | 99% |
| Queenstown | Enoch Mgijima PM | - | - | - | - | - | 14% |
| Tarkastad | Enoch Mgijima PM | - | - | - | - | 4% | - |
| Twee Riviere | Kou-Kamma PM | - | - | 12% | 40% | - | - |
| Vrystaat | | | | | | | |
| Bethlehem | Dihlabeng PM | - | - | - | - | 56% | 22% |
| Bloemfontein-Noord | Mangaung Metro | 16/2/7/C351/2/289 | - | 72% | 96% | 89% | 18% |
| Bloemfontein-Suid | Mangaung Metro | 16/2/7/C351/2/289 | - | 68% | 80% | 68% | 18% |
| Boshoff | Tokologo PM | - | 52% | - | - | 19% | 11% |
| Bothaville | Nala PM | 16/2/7/C604/D1/Z1/P340 | 32% | 8% | 4% | - | 4% |
| Brandfort | Masilonyana PM | WML/BAR/13/2014 | - | 4% | 24% | 9% | - |
| Bultfontein | Tswelopele PM | WML/BAR/07/2014 | - | - | - | 42% | - |
| Dealesville | Tokologo PM | 12/9/11/L886/2 | 36% | | 52% | 31% | 3% |
| Frankfort | Mafube PM | - | 40% | 48% | 16% | 1% | 0% |
| Harrismith | Maluti-A-Phofung PM | - | - | 24% | 16% | - | 20% |
| Heilbron | Ngwathe PM | - | - | 12% | 8% | 0% | 0% |
| Hertzogville | Tokologo PM | - | | | | | 52% |
| Parys | Ngwathe PM | | - | - | - | - | 8% |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Petrus Steyn | Nketoana PM | - | 16% | 8% | - | - | - |
| Reitz | Nketoana PM | 16/2/7/C805/D4/721/P341 | 60% | 68% | - | - | - |
| Sasolburg | Metsimaholo PM | - | - | - | 36% | 16% | 18% |
| Senekal | Setsoto PM | | | | | | 23% |
| Theunissen | Masilonyana PM | 16/2/7/c402/D3/21/D339 | - | - | 24% | 33% | - |
| Verkeerdevlei | Mosilonyana PM | WML/BAR/15/2014 | - | - | - | 6% | - |
| Welkom | Matjhabeng PM | - | | | 12% | - | - |
| Welkom | Matjhabeng PM | - | | | 16% | 33% | - |
| Winburg | Masilonyana PM | B33/2/340/20/P48 | - | 12% | 12% | 11% | 13% |
| Gauteng | | | | | | | |
| Bronkhorstspruit | Stad Tshwane Metro | B33/2/220/116 | - | - | 64% | 75% | 88% |
| Cullinan (Depot) | Stad Tshwane Metro | - | 60% | 64% | - | 70% | - |
| Ga-Rankuwa | Stad Tshwane Metro | 16/2/7/A230/D9/Z3/P489 | - | - | - | 83% | 92% |
| Hatherley | Stad Tshwane Metro | B33/2/123/88/P215 | - | - | 36% | 80% | 80% |
| Magalieskruin | Stad Tshwane Metro | - | - | - | 52% | - | - |
| Mooikloof | Stad Tshwane Metro | - | - | 60% | - | - | - |
| Onderstepoort | Stad Tshwane Metro | B33/2/123/7/P6 | 80% | - | 52% | 70% | 84% |
| Pretoria-Oos | Stad Tshwane Metro | - | 60% | 60% | - | - | |
| Rooihuiskraal | Stad Tshwane Metro | - | - | - | 84% | - | - |
| Soshanguve | Stad Tshwane Metro | B33/2/123/101/P43 | - | - | - | 83% | 84% |
| Alberton (Heidelberg Road Transfer Station) | Ekurhuleni PM | 16/2/7/C221/0494Z10/P465 | | | | 93% | 97% |
| Benoni | Ekurhuleni PM | - | | | | 76% | - |
| Boksburg | Ekurhuleni PM | 16/2/7/c221/D24/21/P512 | - | - | - | - | 97% |
| Brakpan | Ekurhuleni PM | B33/2/321/172/P137 | - | - | - | 89% | 97% |
| Germiston | Ekurhuleni PM | B33/2/0322/494/P223 | - | - | - | 92% | 100% |
| Kempton Park (Chloorkop) | Ekurhuleni PM | - | - | - | - | 97% | - |
| Kempton Park (Highveld Transfer Station) | Ekurhuleni PM | - | - | - | 40% | 97% | - |
| Primrose | Ekurhuleni PM | - | - | - | 68% | 41% | - |
| Springs (Rietfontein) | Ekurhuleni PM | 16/2/7/C221/D494/P275 | 96% | - | - | 88% | 86% |
| Robbenson | Ekurhuleni PM | 16/2/7/C221/D11/22/P22 | - | - | - | - | 92% |
| Vereeniging (Sonlandpark Transfer station) | Emfuleni PM | - | - | - | - | - | 8% |
| Vanderbijlpark | Emfuleni PM | - | 60% | - | - | 28% | 38% |
| Meyerton | Midvaal PM | 002/12-13/W0001 | | | | 96% | 96% |
| Westonaria | Rand West City | 16/2/7/C231/D21/Z | - | - | - | 47% | 9% |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Randfontein | Rand West City | B33/2/323/34/P12 | - | - | - | 33% | 6% |
| Heidelberg | Lesedi PM | - | 52% | 32% | - | 18% | 30% |
| Bon Accord-vullisterrein | The Waste Group | B33/2/123/154/P191 | - | - | - | 98% | 98% |
| Mooiplaats | The Waste Group | 16/2/7/A230/154/21/p311 | - | - | 76% | 99% | 98% |
| Interwaste FG Landfill Site | Interwaste Environmental Solutions | GAUT 002/10-11/W0030 | - | - | 100% | 100% | 100% |
| KwaZulu-Natal | | | | | | | |
| Hluhluwe | The Big Five False Bay PM | - | - | - | 24% | 0% | 20% |
| Margate | Ray Nkonyeni PM | 16/2/7/T402/DS/Z1/P26/A1 | - | - | - | 70% | - |
| Newcastle | Newcastle PM | 16/2/7/3V301/B2/Y2/P476 | - | - | 80% | 80% | 80% |
| Paulpietersburg | eDumbe PM | - | 44% | 4% | 16% | 14% | 10% |
| Pongola | uPhongolo PM | DC26/WML/0001/2014 | - | - | 68% | 54% | 68% |
| Utrecht | eMadlangeni PM | - | 52% | 32% | 68% | 16% | 7% |
| Vryheid | AbaQulusi PM | - | 36% | 40% | 32% | 41% | 24% |
| Limpopo | | | | | | | |
| Ellisras | Lephalale PM | - | - | - | - | 58% | 32% |
| Groblersdal | Elias Motsoaledi PM | 12/4//10-B/10M2 | 44% | 20% | 72% | 90% | 92% |
| Hoedspruit | Maruleng PM | | - | - | - | 18% | 18% |
| Marble Hall | Ephraim Mogave PM | 16/2/7/B300/D58/ZI/P261 | 72% | 72% | 88% | 84% | 84% |
| Naboomspruit | Mookgophong PM | 16/2/7A600/D7/72/P399 | 32% | 28% | 36% | 19% | 32% |
| Naboomspruit | Western Breeze | - | - | - | - | - | 20% |
| Naboomspruit | Die Oog (Western Breeze) | - | - | - | - | - | 32% |
| Nylstroom | Modimolle PM | 16/2/7/A600/D2/Z1/P380 | - | 48% | 16% | - | 12% |
| Phalaborwa | Ba-Phalaborwa PM | 16/2/7/B700/016/21/P276 | 80% | 84% | 80% | 32% | 64% |
| Leeupoort | Thabazimbi PM | 16/2/7/A240/D21/21/P354 | - | 52% | - | - | 2% |
| Louis Trichardt | Makhado PM | 12/9/11/L413/5 | 52% | | 32% | 70% | 80% |
| Tzaneen | Greater Tzaneen PM | 16/2/7/B800/D2/Z23/1/P501 | - | - | 100% | 100% | 100% |
| Warmbad | Bela-Bela PM | B33/2/123/3 | 52% | - | 56% | 40% | 37% |
| Noord-Kaap | | | | | | | |
| Barkly-Wes | Dikgatlong PM | - | - | - | 16% | - | - |
| Douglas | Siyancuma PM | - | - | - | - | - | 2% |
| Deben | Gamagara PM | - | - | - | - | 2% | - |
| Hartswater | Phokwane PM | - | 52% | - | 76% | - | 57% |
| Jan Kempdorp | Phokwane PM | - | - | - | 32% | - | - |
| Kathu | Gamagara PM | - | - | - | 56% | 19% | 16% |
| Kimberley | Sol Plaatje PM | 16/2/7/C901/D2/P265 | 80% | 48% | 36% | - | - |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kuruman | Ga-Segonyana PM | B33/2/441/9/P128 | 84% | 72% | 56% | 39% | 27% |
| Olifantshoek | Gamagara | - | - | - | - | 14% | - |
| Orania | Orania Dorpsraad | NC/PIX/SIY/ORA/04/2016 | - | - | - | 95% | - |
| Postmasburg | Tsantsabane PM | - | - | - | 56% | 12% | 41% |
| Springbok | Nama Khoi PM | 16/2/7/F300/D9/21/P315 | 28% | 8% | 20% | 7% | 0% |
| Upington | Khara Hais PM | - | 80% | - | 84% | 8% | 4% |
| Warrenton | Magareng PM | - | - | - | - | 6% | - |
| Williston | Karoo Hoogland PM | - | 8% | 8% | - | 10% | 10% |
| Noordwes | | | | | | | |
| Bloemhof | Lekwa-Teemane PM | NWP/WM/DR4/2011/11 | - | 16% | 20% | 2% | 10% |
| Christiana | Lekwa-Teemane PM | NWP/WM/DR4/2011/09 | 24% | - | 36% | 4% | 12% |
| Coligny | Ditsobotla PM | - | - | 12% | 8% | 0% | 0% |
| Delareyville | Tswaing PM | B33/2/330/44/P219 | 48% | 8% | 8% | 9% | 2% |
| Hartebeesfontein (Brits) | Madibeng | B33/2/0121/41/P81 | - | - | 84% | - | - |
| Klerksdorp | City of Matlosana PM | 16/2/7/C241/D4Z2/P514 | 92% | 64% | - | 45% | 18% |
| Klerksdorp | City of Matlosana PM | 12/9/11/P50 | 92% | 68% | - | - | - |
| Lichtenburg | Ditsobotla PM | - | 24% | - | 8% | - | -- |
| Ottosdal | Tswaing PM | NWP/WM/NM4/2012/11 | - | - | 40% | 29% | 2% |
| Potchefstroom | (JB Marks PM )The waste group | D00232-01 | 96% | - | 100% | 90% | 94% |
| Potchefstroom | Tlokwe PM | 16/2/7/C231/D13/Z1/P | - | - | - | -- | 89% |
| Rustenburg | Rustenburg PM | 12/9/11/P121 | - | - | - | 37% | 88% |
| Sannieshof | Tswaing LM | NWP/WM/NM4/2012/09 | 32% | - | 12% | 2% | 2% |
| Schweizer-Reneke | Mamusa PM | 16/2/7/C301/D2/23/P421 | - | - | 64% | 17% | - |
| Stella | Naledi PM | NWP/WM/DR1/2013/16 | 32% | 12% | 16% | 4% | 2% |
| Swartruggens | Kgetlengrivier PM | - | - | - | - | 0% | 0% |
| Ventersdorp | JB Marks PM | - | - | - | - | - | 3% |
| Vryburg | Naledi PM | NWP/WM/DR1/2009/01 | 96% | 92% | 96% | 50% | 52% |
| Mpumalanga | | | | | | | |
| Amersfoort | Dr. Pixley Ka Isaka Seme PM | - | - | - | - | - | 6% |
| Belfast | Emakhazeni PM | 12/9/11/P95 | 24% | - | 8% | 10% | 14% |
| Bethal | Govan Mbeki PM | 17/4/WL/MP/307/13/02 | - | 72% | 12% | 17% | 11% |
| Carolina | Albert Luthuli PM | - | - | - | - | - | 0% |
| Delmas | Victor Khanye PM | B33/2/220/9/P518 | - | 48% | 24% | 14% | 6% |
| Dullstroom | Emakhazeni PM | - | - | - | 12% | 2% | 0% |
| Ermelo | Msukaligwa PM | 16/2/7/C112/D1/Z1/P427 | 76% | 84% | 52% | 42% | 18% |
| Evander | Govan Mbeki PM | - | - | - | - | - | 0% |
| Hendrina | Steve Tshwete PM | - | - | – | | - | 67% |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kinross | Govan Mbeki PM | 17/4/WL/MP/307/15/01 | - | - | - | 6% | 6% |
| Leandra | Govan Mbeki PM | - | - | - | - | - | 20% |
| Lydenburg | Thaba Chweu PM | - | 40% | 56% | 12% | 35% | 36% |
| Machadodorp | Emakhazeni PM | - | 8% | 16% | 16% | 6% | 3% |
| Morgenzon | Lekwa PM | - | - | - | - | 1% | 1% |
| Middelburg | Steve Tshwete PM | 16/2/7/B10/D33/Z1/P412 | - | - | - | 36% | 95% |
| Middelburg (Dennesig oorlaaistasie) | Steve Tshwete PM | - | - | - | - | 44% | 94% |
| Middelburg (Oorlaaistasie) | Steve Tshwete PM | - | - | - | - | - | 100% |
| Nelspruit | Mbombela PM | 12/9/11/P5 | - | - | - | 64% | 80% |
| Piet Retief | Mkhondo PM | - | 64% | 40% | 68% | 57% | 39% |
| Secunda | Govan Mbeki PM | 17/4/WL/MP/307/13/01 | 24% | | 76% | 42% | 19% |
| Standerton | Lekwa PM | 17/4/A18/MP305/10/01 | 32% | 24% | 32% | 26% | 14% |
| Volksrust | Dr. Pixley Ka Isaka Seme PM | - | - | - | - | - | 16% |
| Witbank | Emalahleni PM | B33/2/210/32/P136 | 64% | 68% | 64% | 47% | 30% |
| Witrivier (Oorlaaistasie) | Mbombela PM | - | - | - | - | 74% | 80% |
| Wes-Kaap | | | | | | | |
| Bellville | Stad Kaapstad Metro | 19/2/5/4/A5/6/WL0050/12 | - | 80% | - | 80% | 97% |
| Gansbaai | Overstrand PM | 16/2/7/G400/D24/21/P335 | - | - | 96% | - | - |
| George | George PM | WL0683/4 | - | - | 52% | 41% | 52% |
| Hermanus | Overstrand PM | 16/2/7/G501/D3/Z3/P374 | 96% | 92% | 88% | 100% | 100% |
| Stilbaai | Hessequa PM | 19/2/5/1/D/11/WL0060/14 | - | - | - | 62% | 38% |
| Klawer | Matzikama PM | D05776/01 | - | 60% | 44% | 43% | - |
| Ladismith | Kannaland PM | - | 76% | 36% | - | - | - |
| Lutzville | Matzikama PM | - | - | - | 36% | 44% | - |
| Mosselbaai | Mosselbaai PM | 19/2/5/1/D6/17/WL0084/14 | - | - | 64% | 80% | - |
| Oudtshoorn | Oudtshoorn PM | B33/2/900/3/5/P167 | 36% | 40% | 32% | 0% | 26% |
| Riversdal | Hessekwa PM | B33/2/800/13/S/P153 | - | - | - | - | 84% |
| Stellenbosch | Stellenbosch PM | 16/2/7/G203/D16/21/P331 | - | - | - | - | 89% |
| Velddrif | Bergrivier PM | - | - | - | - | - | 69% |
| Vredendal | Matzikama PM | - | - | - | 28% | 53% | - |
| Vanrhynsdorp | Matzikama PM | - | - | - | 68% | 73% | - |
| Wellington | Drakenstein PM | - | - | - | - | - | 68% |

**Sleutel:**

| | |
|---|---|
| Vullisterrein met permit | |
| Vullisterrein sonder permit | |
| Privaat vullisterrein | |
| Oorlaaistasie | |



**'n Vuur brand op Welkom se vullisterrein in die Vrystaat**

'n Gemiddelde ouditteling is bereken vir elke provinsie waarin die vullisterreine in 2014, 2015, 2016, 2017 en 2018 geoudit is. Die persentasie wat aan elke individuele terrein in 'n spesifieke provinsie toegeken is, word bymekaargetel en die totaal word dan deur die getal terreine in daardie provinsie gedeel.

Voorbeeld:

In Mpumalanga is ses vullisterreine in 2014, 2015 en 2016 geoudit. Dus:


76% + 8% + 40% + 64% + 32% + 64% = 284% en

284%/6 = 47% gemiddeld in 2014


84% + 16% + 56% + 40% + 24% + 68% = 288%; dus 288%/6 = 48% gemiddeld in 2015

Die gevolgtrekking kan daarom gemaak word dat die vullisterreine in hierdie provinsie sedert die vorige jaar met 1% verbeter het.

In grafiek 5 op die keersy word die gemiddelde ouditteling vir elke provinsie vir 2014, 2015, 2016, 2017 en 2018 aangedui.




**Grafiek 5: Gemiddelde oudittellings (persentasies) per provinsie vir 2014, 2015, 2016, 2017 en 2018**




**Grafiek 6: Gemiddelde nakoming (persentasies) vir 2014, 2015, 2016, 2017 en 2018**


# VRAELYS

Die vraelys vir die 2017/2018-vullisterreinoudit is hersien en verskil van die 2014-, 2015- en 2016-vraelys. Die nuwe 33 vrae dek nou alle minimum vereistes vir 'n vullisterrein.

Die vraelys is opgestel om te bepaal of 'n vullisterrein aan die minimum vereistes vir vullisterreine soos in die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Vullis, 2008 (wet no. 59 van 2008) voldoen. Om dié oudit te slaag, moet 'n vullisterrein aan minstens 80% van die minimum vereistes[1] voldoen en daarna streef om die 20%-nienakoming te verbeter.

Die gemeenskap se uitdaging is dat elke vullisterrein oor 'n unieke permit of lisensie beskik waarvan die vereistes strenger as bogenoemde minimum vereistes kan wees. Ontoelaatbare vullis kan byvoorbeeld toegelaat word op sekere voorwaardes en vereistes waaraan daardie spesifieke vullisterrein moet voldoen. Boonop word vullisterreine in drie groottes ingedeel – elk met sy eie voorwaardes. Die algemene reël is: Hoe groter die terrein, hoe strenger die vereistes.

Daarom het AfriForum besluit om 'n vraelys op te stel wat van toepassing kan wees op enige algemene (G-tipe-) vullisterrein. Die klassifikasiestelsel werk soos volg:




[1] Die minimum vereistes vir vullisterreine (1998, tweede uitgawe) wat deur departement van waterwese en bosbou gepubliseer is.

# VOORBEELD:

**Die vraelys is in vyf hoof- en subkategorieë verdeel**

**Die somtotaal van die vraelys se punte is 25. Dit kan met 4 vermenigvuldig word om die persentasie (%) van die uitslag te kry.**

**Punt waaruit hoofkategorie tel**

| Minimum vereiste | Voldoen ten volle<br>1 | Voldoen gedeeltelik<br>½ | Voldoen glad nie<br>0 | Opmerkings | Punte |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. Toegang en beheer | | | | | / 8 |
| 1.1 Tekens | | | | | |
| a) Tekens in die toepaslike amptelike tale moet in die nabyheid van die vullisterrein opgerig word wat die roete daarheen vanaf die naaste hoofpaaie aandui. | X | | | | ½ / ½ |
| b) Is daar 'n kennisgewing op die hek wat aandui watter tipe afval daar gestort mag word, asook die terrein se werksure? | | X | | | ½ |
| 1.2 Padtoegang | | | | | |
| a) Word alle paaie na en binne die terrein onderhou? | | | X | | 0 /1 |

**Gewig wat vraag dra**

**Die somtotaal van die vraelys se punte is 25. Dit kan met 4 vermenigvuldig word om die persentasie (%) van die uitslag te kry.**

**Opmerkings is belangrik vir bewyse, notas en addisionele inligting vir besprekings met owerhede na afloop van die oudit**

**Tabel 3: Vraelys**

**AFRIFORUM SE ALGEMENE KONTROLELYS VIR MINIMUM VEREISTES VIR VULLISTERREINE 2017**
*(Neem foto's as bewys van wanadministrasie)*

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Wat is die naam van die vullisterrein? | | | | | |
| Wie is die verantwoordelike gesag? | | | | | |
| Klein, medium of groot terrein (sien die klassifikasie onder) | | | | | |
| ***Minimum vereiste*** | ***Voldoen ten volle*** <br> ***1*** | ***Voldoen gedeeltelik*** <br> ***½*** | ***Voldoen glad nie*** <br> ***0*** | ***Opmerkings*** | ***Punte*** |
| 1. Toegang en beheer | | | | | / 8 |
| 1.1 Tekens | | | | | |
| a) Tekens in die toepaslike amptelike tale moet in die nabyheid van die vullisterrein opgerig word wat die roete daarheen vanaf die naaste hoofpaaie aandui. | | | | | / ½ |
| b) Is daar 'n kennisgewing op die hek wat aandui watter tipe afval daar gestort mag word, asook die terrein se werksure? | | | | | / ½ |
| 1.2 Padtoegang | | | | | |
| a) Word alle paaie na en binne die terrein onderhou? | | | | | /1 |
| b) Tweerigtingverkeer moet in alle weerstoestande moontlik wees. | | | | | / ½ |
| c) Ongeteerde paaie moet gereeld natgemaak word om stof te voorkom. | | | | | / ½ |
| 1.3 Toegangsbeheer en sekuriteit | | | | | |
| a) Is daar 'n ordentlike 1,8 m-heining rondom die terrein om mense en diere uit te hou? | | | | | / ½ |
| b) Is die heining reggemaak en heel, en word dit onderhou? | | | | | / ½ |
| c) Is daar toegangsbeheer by die terreinhek(ke)? | | | | | /1 |
| d) Beskik die terrein oor sekuriteitswagte om die terrein te patrolleer? | | | | | /1 |
| 1.4 Afvalaanvaarding en -tipes | | | | | |
| a) Afval moet geïnspekteer word voordat dit aanvaar word om te bevestig dat dit algemene afval is. | | | | | /1 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.5 Tariewe | | | | | |
| a) Stortingstariewe moet op kennisgewingborde aangebring wees | | | | | / ½ |
| b) Word stortingstariewe ingewin? | | | | | / ½ |
| 2. Hulpbronne | | | | | / 3 |
| 2.1 Infrastruktuur | | | | | |
| a) Daar moet dienste soos water, riolering, elektrisiteit, weegbrûe en terreinkantore wees. | | | | | /1 |
| 2.2 Aanleg en toerusting | | | | | |
| a) Daar moet voldoende masjinerie* wees en toerusting moet in werkende toestand wees. | | | | | /1 |
| 2.3 Personeel | | | | | |
| a) Die bedrywighede van alle terreine moet onder die bestuur van voldoende gekwalifiseerde personeel wees, byvoorbeeld:<br>Terreintoesighouer<br>Terreinbestuurder | | | | | /1 |
| 3. Bedrywighede | | | | | / 7 ½ |
| 3.1 Bedryfsplan | | | | | |
| a) Beskik die verantwoordelike gesag oor 'n afvalbestuursplan?<br>Die plan moet die volgende insluit:<br>I. Uitgrawingsvolgorde;<br>II. Beraamde/progressiewe ontwikkeling van die terrein met verloop van tyd;<br>III. Daaglikse selkonstruksie;<br>IV. Voorsiening van natweerselle;<br>V. Terreintoegang;<br>VI. Dreinering;<br>VII. Bedryfsmoniteringsprosedures, insluitend die rol van 'n moniteringskomitee; en<br>VIII. 'n Aksieplan in antwoord op probleme wat tydens monitering opduik. | | | | | /1 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| b) Beskik die verantwoordelike gesag oor 'n reaksie-aksieplan? Dit sluit die noodontruimingsplan in. | | | | | / ½ |
| 3.2 Terreinontwikkeling en selle | | | | | |
| a) Word die afval daagliks gekompakteer en met grond bedek om te verhoed dat afval deur die wind weggewaai word? | | | | | /1 |
| b) 'n Maklik toeganklike natweersel (met 'n goed dreinerende gruisbasis) moet digby die ingang gebou word vir in geval van nat weerstoestande. | | | | | /1 |
| 3.3 Hindernisbeheer | | | | | |
| a) Daar mag geen vure op die terrein brand nie. | | | | | /1 |
| b) Alle rommel moet binne die terrein self gehou word. | | | | | /1 |
| 3.4 Afvalherwinning | | | | | |
| a) Afvalherwinning deur herwinners moet verbied word by alle vullisterreine vir algemene afval (weens die gesondheids- en veiligheidsrisiko's). Dus mag daar geen herwinners op die terrein opgemerk word nie. | | | | | / ½ |
| b) Indien herwinning plaasvind, is daar fasiliteite of voorsiening vir dié herwinning gemaak? | | | | | / ½ |
| 3.5 Verbode afval (tensy die permit/lisensie spesifiek daarvoor voorsiening maak) | | | | | |
| a) Geen storting van mediese of diere-afval (karkasse, bene, maaginhoud) vind plaas nie. | | | | | |
| b) Geen storting van bande vind plaas nie. | | | | | / ½ |
| 4. Dreinering | | | | | / 3 |
| a) Is daar voldoende, werkende stormwaterinfrastruktuur op die terrein? | | | | | /1 |
| b) Alle dreinering moet onderhou word om waterleiding sonder oormatige erosie te bevorder. | | | | | /1 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| c) Alle besoedelde water en loog wat op die terrein vorm, moet in 'n vergaarbak of opgaardam gestoor word. | | | | | /1 |
| 5. Monitering, rekordhouding | | | | | / 3 ½ |
| a) Rekord moet van alle afval gehou word wat die terrein binnegaan. | | | | | /1 |
| b) Beskik die vullisterrein oor 'n permit of afvalbestuurlisensie?<br><br>Wat is die permit- of lisensienommer? Afskrifte van die permit/lisensie moet op die terrein gehou word. | | | | | |
| c) Is die korrekte persoonlike beskermingstoerusting aan die munisipale werkers op die terrein gegee? ** | | | | | / ½ |
| d) Alle terreine moet elke 12 maande intern geoudit en geïnspekteer word. Afskrifte hiervan moet vir openbare kommentaar en insette beskikbaar gestel word (bv. afvalmoniteringskomitee). | | | | | / ½ |
| e) Is daar 'n afvalmoniteringskomitee in die munisipaliteit waarvan die gemeenskap kan deel word? | | | | | / ½ |
| Totaal | | | | | / 25 |

# WAT IS TOT DUSVER BEREIK?

**Nasionale vullisterreinouditprojek**
Ná afloop van 2016 se vullisterreinouditverslag is 'n aantal vergaderings met die departement van omgewingsake se afvalbestuursafdeling belê. AfriForum het ook 'n voorlegging aan die departement se afvalbestuurlisensiëringtaakspan gedoen om een vullisterrein per provinsie te rehabiliteer.

**Skakeling met nasionale, provinsiale en plaaslike regerings**
Daar is ook 'n positiewe verhouding met die departement van omgewingsake gevestig. Mnr. Mark Gordon, adjunk-direkteur-generaal van chemikalieë en afvalbestuur, het 'n skrywe aan AfriForum gerig waarin hy die provinsiale afvalbestuursbeamptes se kontakbesonderhede verskaf sodat takke hulle by die oudit kan betrek.

AfriForum omgewingsake het op grond van die 2017-verslag die twee swakste vullisterreine geïdentifiseer en daarop gefokus in noue samewerking met die Gauteng Provinsie se departemente wat verantwoordelik is vir vullisterreinmonitering, -wetsnakoming (Engels: compliance) en -lisensiëring. Hierdie verhouding het daartoe gely dat die Hatherley-vullisterrein in Pretoria beduidend verbeter het. Die Libanon-vullisterrein in die Wes-Rand, wat Westonaria en Randfontein bedien, het die oudit egter weer eens nie geslaag nie. Verdere stappe sal nou teen die bestuur van die Libanon-vullisterrein geneem word.

Die Hatherley-vullisterrein, wat vir 'n groot gedeelte van Gauteng-Noord se vullis verantwoordelik is, het positiewe veranderinge aan die terrein aangebring ná gesprekke met die toepaslike owerhede. Nadat die vullisterrein in die 2016-vullisterreinouditprojek slegs 36% behaal het, is dit deur AfriForum vir die departement van omgewingsake en Tshwane Metro geprioritiseer. Ná vele vergaderings en gesprekke om dié vullisterrein te rehabiliteer, het die vullisterrein vir twee agtereenvolgende jare 80% behaal.

**Hofsake**
AfriForum se Naboomspruit-tak was in 'n vullisterreinhofsaak teen die Lim 368 Plaaslike Munisipaliteit gewikkel, wat op 9 Oktober 2017 aangehoor en uitspraak voorbehou is. Uitspraak is later op 7 Februarie 2018 met koste ten gunste van AfriForum in die Noord-Gautengse hoë hof gelewer.

Daar is sedertdien min verbetering op dié vullisterrein aangebring. AfriForum is besig om op 'n minagtingsaansoek voor te berei.

# AKSIEPLAN

Die 2018-verslag het verskeie kwessies aangeroer by munisipaliteite regoor die land wat vir afvalbestuur verantwoordelik is.

Verskeie munisipaliteite wat nie in 2014, 2015, 2016 en 2017 aan die minimum vereistes voldoen het nie, het ook nie op die briewe gereageer wat AfriForum oor die wanbestuur van vullisterreine aan elkeen gestuur het nie. Dié briewe is ook aan al die munisipaliteite gestuur wat in 2017 nie aan die minimum vereistes voldoen het nie. Sommige het sedert die 2017-oudit verder verswak. AfriForum sal dié terreine se vordering moniteer en strenger optree om te verseker dat daar aan die minimum vereistes voldoen word.

In 2017 het AfriForum die vullisterreinkwessie tydens die betrokke munisipaliteite se openbaredeelnameproses vir die geïntegreerde ontwikkelingsplan geopper. AfriForum-takke het ook aksielyste opgestel en aan munisipale bestuurders oorhandig om die vullisterreinkwessie te hanteer. Op dié wyse wil AfriForum verseker dat die betrokke munisipaliteite in die komende finansiële jaar voldoende begroot om die gemeenskap se behoeftes met betrekking tot vullisterreine te kan hanteer.

Die 2018-verslag sal as konstante gebruik word waarteen dieselfde infrastruktuur in al die ander AfriForum-takke in 2019 gemeet sal word.

Die proses om nakoming te verseker, sluit die volgende in:

1. ’n Omvattende prestasierekord of papierspoor is begin om van spesifieke terreine rekord te hou.
2. Nienakoming sal hanteer word in ’n brief wat ’n omvattende aksieplan van die verantwoordelike owerheid eis. Die munisipaliteit moet aandui hoe en teen watter datums hulle aan vereistes sal voldoen waaraan hulle tans nie voldoen nie.
3. Provinsiale departemente het die verantwoordelikheid om vullisterreine te moniteer, wetstoepassing af te dwing en lisensies vir ongelisensieerde vullisterreine uit te reik. AfriForum sal voortgaan om druk op die provinsies te plaas om hul pligte uit te voer.
4. Indien munisipaliteite versuim om die kwessies op te los, sal regstappe gedoen word. Die moontlikheid bestaan dat ’n strafregtelike saak teen die administratiewe amptenaar geopen kan word.
5. AfriForum sal ook verplig wees om vullisterreine wat nie aan die minimum vereistes voldoen nie, self te rehabiliteer en die geld van die betrokke munisipaliteit terug te eis.
6. Hierdie verslag sal ook aan die Groen Skerpioene oorhandig word vir die verdere ondersoek van vullisterreine wat nie aan die minimum vereistes voldoen nie.
7. Die 2018-verslag – wat vyf jaar se vullisterreinrekords bevat – sal aan die betrokke minister en haar departement oorhandig word om strategieë te bespreek en te implementeer om die probleme te hanteer.
8. AfriForum sal voortdurend nuwe tegnologieë met betrekking tot alternatiewe vir vullisterreine ondersoek.

AfriForum glo dat munisipaliteite sal saamwerk om hierdie belangrike kwessies op te los en ’n veilige en gesonde omgewing vir almal in Suid-Afrika te verseker.

# SAMEVATTING

Die AfriForum-vullisterreinouditprojek toon die behoefte aan ’n politieke wilsbesluit om afval volhoubaar te hergebruik, herwin en verminder, en om die infrastruktuur vir afvalbestuur te onderhou en bestuur. Derhalwe is die minister in 2016 genader om die gebrekkige kommunikasie op plaaslike regeringsvlak te hanteer en ’n politieke wil op grondvlak te skep.

Uit die 2018-ouditverslag is dit duidelik dat die waghondfunksie wat AfriForum speel wel vrugte op plaaslike vlak afwerp en veral kommunikasie tussen gemeenskappe en regeringsamptenare stimuleer. In 2018 se vullisterreinouditprojek het 29% van munisipaliteite wel aan die minimum vereistes voldoen. Dit dui aan op ’n verbetering vergeleke 2017, toe slegs 22% vullisterreine aan 80% of meer van die minimum vereistes voldoen het. Dit is egter steeds onaanvaarbare prestasies vir Suid-Afrika en dui op gebrek in afvalbestuur by diegene wat vir behoorlike afvalbestuur verantwoordelik is.

Wanbestuur van vullisterreine word deur verskeie faktore veroorsaak, waaronder:

- korrupsie;
- gebrek aan leierskap en aanspreeklikheid;
- gebrek aan die nodige afvalbestuursvaardighede;
- volslae minagting van die betrokke wetgewing en natuurlike omgewing;
- onvoldoende fondse vir rehabilitasie;
- wanbesteding van fondse; en
- gebrek aan politieke wil en lae prioriteit wat aan vullisterreine geskenk word.

Die verslag toon ook dat geen enkele onwettige terrein (’n terrein wat nie oor ’n lisensie of afvalbestuursplan beskik nie) aan die minimum wetlike vereistes voldoen nie – tog hou munisipaliteite aan om dit as stortingsterreine te gebruik. Geen herwinning word op hierdie vullisterreine gedoen nie, en dit dra grootliks tot risiko’s vir mense se gesondheid en die omgewing by. Hierdie probleem moet dringend hanteer word.

Die verslag toon ook dat sukses wel behaal kan word om bogenoemde probleme te hanteer. Die sukses is aan vyf belangrike elemente onderhewig:

1. Waar die AfriForum-tak doeltreffend by die afvalbestuur van sy munisipaliteit betrokke is, verrig die gemeenskap outomaties ’n waghondfunksie. Dit verhoog die deursigtigheid van die munisipaliteit en verbeter sodoende die bestuur van vullis in die algemeen.
2. Suksesvolle munisipaliteite neem deel aan demokratiese verpligtinge deur forums te skep waarop die gemeenskap insette kan lewer en sy werksaamhede krities kan analiseer om sy grondwetlike verpligting – in dié geval die volhoubare bestuur van ’n vullisterrein – na te kom en jaarliks progressief daarop te verbeter.
3. Die provinsiale departement se rol as moniteerder, wetstoepasser en lisensieerder is uiters belangrik vir die verbetering van vullisterreinbestuur op plaaslikeregeringsvlak. Deur die provinsiale reguleerders by AfriForum se jaarlikse vullisterreinouditprojek te betrek, word samewerking tussen die AfriForum-tak en die departement bevorder. Dit dwing ook die provinsie om sy grondwetlike verpligtinge na te kom, waar dit in die verlede moontlik agterweë gelaat is.
4. AfriForum het ’n afval-tot-energie-maatskappy genader, wat ’n alternatief tot vullisterreine bied. AfriForum tree as fasiliteerder op tussen munisipaliteite en dié maatskappy. Die tegnologie van die aanlegte is van wêreldgehalte en omgewingsvriendelik omdat die minimum uitlaatgasse vrygestel word.
5. Laastens is die nasionale regering se grootste bydrae die algehele oorsig oor die ander twee regeringsfere en die skep van wetgewende en regulatoriese raamwerke waarbinne Suid-Afrika sy vullisbestuurstrategieë vervat en standaarde hiervoor stel. Die uitdaging is om hierdie drie regeringsfere en die gemeenskappe byeen te bring en in harmonie te laat funksioneer om die land se vaste afval volhoubaar te bestuur.

AfriForum sal voortgaan om die vullisterreine te moniteer wat geoudit is en alternatiewe vir behoorlike afvalbestuur in Suid-Afrika te ondersoek.



